# DIE WOESTE LAEVELD REEKS

## GEEN VERGIFFENIS - NO 6

DEUR DEWALD BRINK EN BRAAM LE ROUX



# GEEN VERGIFFENIS

*deur*

**DEWALD BRINK en BRAAM LE ROUX**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2020

# Geen Vergiffenis

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1950's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

GEEN VERGIFFENIS
deur Dewald Brink en Braam Le Roux

ISBN 978-1-928498-68-1

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2020)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Die reeds beroemde Len van Staden, spesiale polisie-agent van die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek, tree andermaal op in hierdie buitengewone verhaal van liefde en avontuur en van die trotsering van doodsgevare.

’n Onskuldige meisie, Helena de Vos, se groot liefde vir ’n man word verpletter toe hy haar en haar kindjie versaak en aan die genade van ’n wêreld vol skindery en wreedheid oorlaat. Maar sy veg moedig voort en help haar bejaarde, eksentrieke pa om sy aartsvyand, wat hom op sakegebied heeltemal geruïneer het, die hoof te bied. Haar pa se aartsvyand is klaarblyklik ’n opperste skurk. Met die hulp van ’n bende roekelose en genadelose rewolwerskuts, doen hy alles in sy vermoë om die bou van ’n treinspoor deur daardie deel van die land te verhoed.

Daar is treinontsporings en grootskaalse diewery aan die gang... en op daardie oomblik kom Len van Staden daar aan, gestuur deur die Regering van die Republiek, om die chaos te kom ondersoek.

Hoe Len van Staden hierdie gevaarlike ondersoek uitvoer en koelbloedige moordenaars en rewolwerskuts beveg en eindelik onder die knie kry, bygestaan deur die moedige Helena de Vos en deur Lettie Joubert, is die tema van hierdie aangrypende verhaal.

## UITTREKSEL

"Staan stil of ek skiet!" roep Len meteens uit, en hy gooi die beddegoed van hom af.

Len het verwag dat die kêrel die tas sal laat val en by die venster sal probeer uitspring. Hy is dus heeltemal onvoorbereid toe die man skielik omvlieg en reg op hom afgestorm kom.

Die man duik sommer in volle vaart na Len se middel toe, en so skielik gebeur dit dat hy die rewolwer skoon uit Len se hand uit stamp.

Die volgende oomblik slaan hy sy arms om Len se middel en hulle rol al-stoeiende op die vloer om en om.

Toe die inbreker eenmaal bo is, sien Len dat hy vinnig iets blinkend uit die leergordel om sy middel ruk.

Dit is 'n mes en die lem kom reeds vinnig en met moorddadige geweld af na Len toe.

Net betyds ruk hy hom half onder die man uit en swaai sy kop weg, anders het die mes sy keel oopgekloof.

Len span sy kragte in en gooi die man van hom af. Struikelend gryp hy na sy rewolwer wat eenkant op die vloer lê. In dieselfde beweging skop hy die man 'n paar treë van hom af weg. Maar die volgende oomblik storm die inbreker weer.

# INHOUD

**Hoofstuk**

Hoofstuk 1

Hoofstuk 2

Hoofstuk 3

Hoofstuk 4

Hoofstuk 5

Hoofstuk 6

Hoofstuk 7

Hoofstuk 8

Hoofstuk 9

Hoofstuk 10

Hoofstuk 11

Hoofstuk 12

Hoofstuk 13

Hoofstuk 14

# 6. GEEN VERGIFFENIS

## Hoofstuk 1

“Jy moet ou De Vos se dogter trou... Dit is ’n mooi grap! Ek het jou nou-die-dag gesê ek wil nie hê dat jy langer iets met daardie meisiemens te doen moet hê nie. En ek wil geen verdere stories omtrent julle hoor nie!”

Paul Bakkes kyk sy seun Schalk met blitsende oë aan. Hy knip die mes waarmee hy besig is om die druiweprieel reg te sny, toe en steek dit in sy sak. Toe druk hy sy hande diep in sy baadjiesakke in en staan sy seun ’n ruk lank van kop tot tone en beskou.

Die aantreklike, blondharige jongman wat voor hom staan, lyk omgekrap, en sy lippe is blas van die woede wat in hom opstu. Daar is verset en smeulende opstandigheid in sy oë te lees toe hy na die groot, logge gestalte van sy pa kyk.

“Ek weet nie watter reg Pa het om so ’n houding aan te neem nie. Ek sê vir Pa ek het vir Helena lief, en ons twee het besluit om te trou.”

“Besluit om te trou! Klaar besluit om te trou, sê jy... Kyk hierso, Schalk,” en die ou man kom dreigend op sy seun afgestap. Hy haal sy hande uit sy baadjiesakke uit. Sy vingers gaan krampagtig oop en toe, asof hy van plan is om die jongman voor hom met sy blote hande te vermorsel.

Schalk Bakkes, ’n effens fyntjies maar tog atleties geboude jong man, met ’n dun snorretjie oor die bolip en twee smal strepies wang baard, soos dit in hierdie jaar,

1886, vir die bes geklede mans gebruiklik is om te dra, gee ’n tree of wat agteruit, maar sy oë bly uitdagend op sy pa se harde gesig.
“Ja, Pa, dit is so. En daar is nog iets...” Hy breek af, asof hy nog iets wil sê, maar nou huiwer weens die ou man se woede. “Ten minste,” gaan hy na ’n oomblik stotterend voort, “Helena kom ook netnou hierheen, en... Pa, ek kan nie insien waarom ek met ’n ander vrou tevrede moet wees wanneer Helena en ek mekaar lief het nie... om die waarheid te sê, ons is...”
“Jou vuilgoed! Jou parmantige vuilgoed... Besef jy met wie jy praat! Laat ek nou nog een parmantige woord van jou hoor...! Jy is verwen en bedorwe. Dit is wat met jou verkeerd is. Dit is omdat ek jou al die jare te veel jou eie gang laat gaan het. Ek wil niks verder van hierdie trouery hoor nie! Ek sê jou, dit is net ’n streek van die De Vos meisie... Geen woord verder nie!”
Schalk Bakkes staar na die verwoede gesig van sy pa. Dit het vir hom die uiterste moed gekos om hierdie gesprek aan die gang te sit, en nou het dit so verloop. Soos ’n tierende reus staan die ou man met sy gesig rooi van woede, sy ruie, wit winkbroue, sy wit, kortgeknipte hare, voor hom.
Uit Schalk se oë skiet haat en woede. Hy kyk die ou man ’n ruk lank sonder ’n woord aan. Deur sy brein skiet die wete dat hierdie rusie ’n finale breuk tussen hom en sy pa gaan wees. Sy keel is hees toe hy weer protesterend die woorde uitkry.
“Pa, maar ek is tog geen kind meer nie...”

"Dit is al wat jy is! Al wat jy is! En jy sal dit jou lewe lank bly. Geen kind meer nie! Verbeel jou...! Nou toe, gaan dan jou gang, gaan vind jou eie heenkome. Trap dan weg uit my huis uit! Ek wil jou nooit weer sien nie."

"Goed, Pa. Ek is selfs bereid om dit te doen..."

"Jy..!" Die ou man skyn in sy woorde te verstik. Hy laat 'n roggelende keelgeluid hoor en storm vorentoe. Sy swaar wandel stok hang eenkant aan 'n draad wat die prieel ophou, en hy gryp dit in die verbygaan af, swaai dit woes deur die lug. So onverwags is die aanval op Schalk dat hy die hou nie kan afweer nie, en dit tref hom teen die kant van die kop en laat hom half-duiselig teen die muur aansteier. En toe storm die ou man brullend vorentoe en mik weer 'n hou na sy kop.

Schalk Bakkes het 'n rondebol-keiltjie op die kop gehad, wat nou eenkant in die grond lê. Hy is gekleed in 'n pak klere so netjies as wat mens in hierdie jaar 1886 kan kry. Om sy middel egter, half onder die baadjie verskuil, is 'n rewolwer bandelier vasgegespe, met 'n enkele swaar rewolwer aan die regtersy.

Hy pluk nou vinnig hierdie rewolwer uit, en toe hy rats weggerol het om die swiepende kieriehou te ontduik, spring hy op sy voete en rig die vuurwapen op sy pa.

Sy aantreklike gesig, met die dun snorretjie op die bolip, is nou nog bleker as netnou, en sy lippe vertrek sodat sy tande soos die van 'n verwoede dier wys.

"Staan waar jy is, of ek blaas jou harsings uit!" praat hy in 'n rou, hees stem.

Die ou man steek meteens vas en hy staar na die

rewolwer in sy seun se hand. Sy oë trek op skrefies na toe en sy lippe beweeg nouliks toe hy sag, amper nie hoorbaar nie, sê.
"So, dan is dit die soort wat jy is! Jy sal jou rewolwer teen jou eie pa gebruik... dit is dan waarvoor ek jou geleer het om 'n vuur wapen te hanteer, daarvoor wat ek jou groot gemaak het, daarvoor wat ek myself afgesloof en tot sieklikheid gewerk het..."
"Nee, Pa het my geleer om 'n rewolwer te hanteer omdat ek by geleentheid misdade moes pleeg en organiseer om Pa se vuil werk aan te help..." kom dit smalend van Schalk toe hy die rewolwer in die bandeliersak terugsteek. "Toevallig het ek geleer hoe om dit te gebruik om my eie lewe te verdedig, selfs al is dit teen my eie Pa."
Hierdie woorde van Schalk laat sy Pa asof lamgeslaan na hom staar. In die vyf-en-twintig jaar wat hy sy seun ken, het hy nog nooit soveel astrantheid beleef nie. Dit is vir hom amper asof dit nie sy eie seun is wat hy daar hoor praat nie. Sy asemhaling kom hard en hortend amper soos die van 'n dier wat 'n mens seer gemaak het.
"Ek sien, ek sien," hyg hy eindelik uit. Nog 'n ruk lank staan hy na die jong man voor hom en staar, toe draai hy om en stap stadig, met sy breë skouers half-krom geboë, na die agterdeur van sy huis. Dit is 'n groot, massiewe huis van klip, met baie vensters en 'n stoep wat amper rondom strek met netjiese pilare van gekapte klip. Die erf is ruim en beplant met goed versorgde tuinerye.
Schalk Bakkes skud die stof van hom af, staan 'n ruk

lank fronsend, nadenkend na die tuin en tuur. Hy het met Helena de Vos gereël dat sy teen drieuur hier sal wees. Hy sal intussen met sy pa praat. Dan moet sy kom hand bysit, maar nou wonder hy of hy dit durf waag om weer met sy pa te praat. Daar lê amper 'n leeftyd van vyandskap tussen Helena se mense en sy pa, en blykbaar is daar geen hoop dat dit ooit sal verander nie.

Schalk wonder of hy aan Helena moet gaan sê dat sy liewer nie moet kom nie. Maar sy is so hardkoppig en eiewys, sy sal tog maar kom, al sê hy wat ook al.

Schalk Bakkes wonder nou of die stap wat hy gedoen het, ooit die moeite werd was. Helena is wel 'n besonder aantreklike en gawe nooi, maar is sy dit nou werd dat hy hom die vyandskap van die harde ou man wat sy pa is, so op die hals moes haal? Die ou man het hom nog altyd baie goed van geld voorsien, al is dit ook heeltemal waar wat hy gesê het dat hy al dikwels die ou man se gevaarlike vuilwerk ten uitvoer moes bring.

Is 'n man nie dalk 'n gek om so 'n bohaai oor liefde te maak nie? wonder hy toe hy na sy kamer op die stoep stap om homself bietjie op te knap alvorens hy hom na die dorp begeef want hy het met eens besluit dat hy nie op Helena gaan wag of haar vertel wat gebeur het nie. Laat sy maar die saak self met die ou man kom uit praat as sy wil.

Schalk Bakkes moet aan homself beken dat hy net so bang is om aan Helena de Vos te sê dat hy maar liewer kop sal uittrek uit sy onderneming as wat hy was om met sy pa daaroor te praat. Hy sou hom liewer selfs in 'n

bloedige rewolwergeveg dompel as om een van hulle van aangesig tot aangesig aan te durf. Dit is bitter jammer dat dinge nou tot so ’n punt geloop het, dink hy.

Die liefdesverhouding met Helena, veral die gesteelde hartstogtelike oomblikke, was so uiters aangenaam en bevredigend dat hy sou verkies het om maar ’n onbepaalde tyd lank daarmee voort te gaan. ’n Mate van wrewel jeens Helena omdat sy so troumal is, styg in hom op toe hy sy strikdassie voor die spieël regtrek en sorgvuldig sy hare reg stoot oor die pynlike swelsel aan die kant van sy kop waar die kierie hom gevang het.

Hy voltooi sy opknapping en stap uit. Sy netjies versorgde swart perd, met ’n saal en toom waaraan silwerversiersels te sien is, staan voor die hek vasgemaak.

Schalk swaai hom in die saal in en ry af na die dorp toe. Hy voel bloedig ergerlik oor die manier waarop sy pa hom behandel het, maar sy gedagtes is reeds met ander dinge besig met ’n groot geselligheid en partytjie wat vanmiddag reeds op die dorp ’n aan vang neem.

In die groot vertrek eenkant in die swierige huis wat as kantoor gebruik word, stap die witharige ou man op en af, op en af, met sy hande agter sy rug inmekaar geklem. Hy voel so ergerlik soos nog nooit tevore in sy lewe nie. Hierdie seun van hom op wie hy al sy hoop en ideale gebou het, is ’n swakkeling. Daarvan is hy nou oor tuig.

’n Man wat so mal oor ’n meisie kan word en so kan klets oor “verlief-raak” en sulke dinge, is niks anders as ’n swakkeling nie.

Al die jare deur het hy gehoop en gedroom dat Schalk eendag in sy voetspore sou volg, net so sterk, net so hard, en net so suksesvol in die lewe as hy sou wees.
Hy, Schalk, sou die proses om die gehate De Vos-gesin ten gronde te bring en tot niet te maak, finaal deurvoer en afrond. Hendrik de Vos wat vir hom, Paul Bakkes, dertig jaar gelede oor ’n nietigheid in die tronk laat stop het, waar hy soos ’n swarte twee maande lank harde-arbeid moes doen... om te dink dat Schalk nou met sy dog ter wil gaan trou! Dit is eenvoudig ’n onmoontlikheid.
Die ou man staak meteens sy gestap en kom voor die venster tot stilstand. Sy gesig met die harde lyne, die vooruitstaande, “bulldog”-agtige onderkaak, is bleek, en hy kners op sy tande.
“Sowaar, sowaar as daar ’n hemel is, ek sien hom liewer in sy graf!” Met sy vuiste gebal staan hy wesenloos voor hom en uittuur. Daar voor hom, onderkant sy pronkstuk van ’n huis, lê die dorp uit gestrek die dorp wat hy geplant en laat groei het en waarvan meer as die helfte sy eiendom is.
Al hierdie dinge, en die groot besighede wat hy sal nalaat as hy die dag te sterwe kom, sal deur die De Vos-meisie beheer en regeer word as Schalk met haar trou. Paul Bakkes ken vroumense goed genoeg, en hy weet dat die fiere, aantreklike dogter van ou Hendrik de Vos ’n versterker mens as sy seun Schalk is, en sy sal Schalk sonder twyfel beheer en regeer.
Sy is ’n buitengewoon aantreklike meisie, en hy wonder

nou, met ’n kanker van vrees in sy hart, of Schalk ooit van haar kan afsien, maar hy sal moet, hy sal moet! Geen mag op aarde sal hom daar van kan weerhou om vir Schalk en hierdie meisie van mekaar af te skeur nie. Hy sal niks ontsien om dit te bewerkstellig nie.

Schalk Bakkes sit regop en gemaklik op sy perd. Waar hy nou in die straat afry, lyk hy ’n imponerende, selfversekerde jongman amper die teenoorgestelde persoon as die Schalk Bakkes wat netnou in vrees en bewing met bleek gelaat voor sy vader gestaan het. Sy lippe is styf opmekaar gepers, en sy donker oë, onderkant die fyn besnede, reguit winkbroue, kyk met ’n effens sombere uitdrukking dan hierdie kant toe dan daardie kant toe onderwyl hy ry.

Die stowwerige straat van die dorp is omsoom deur wilde bome, slegs hier en daar staan ’n woonhuis tussen die lower verskuil. Schalk ry teen die hoogte af en kom onder in die dorp waar daar meer lewe is. Daar is ’n paar persone met kar en perde en ’n aan tal perderuiters. Twee ou prospekteerders jaag hulle pakdonkies volgelaai met voorrade, in die straat in van Ronski se winkel af.

Schalk weet dat hulle op pad na Groenkloof is, waar hulle al jare lank druppelgewyse spoelgoudjies uitwas. Toe hy by hulle kom, hou hy ’n oomblik stil om met hulle te gesels.

“Hoe lyk dit dan so haastig?” vra hy onderwyl hy die twee bejaarde ou delwers goedig van sy perd af toe glimlag. “Bly julle dan nie vir Koos Swemmer se